# Predasie neem nuwe afmetings aan

*Deur Andries Gouws*

In die Karoo bly jakkalse en rooikatte steeds veeprodusente se grootste probleem en ondanks volgehoue pogings om dié ongediertes te beheer, lyk dit asof hul getalle verder gestyg het nadat die droogte op plekke deur goeie reëns gebreek is. As goed-gekoördineerde beheermaatreëls nie nou slaag nie, kan dit boere na ander boerderyvertakkings of van die plase af dwing.

Theroux Kemp, die Noord-Kaapse ondervoorsitter van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NKWV) en voorsitter van die Predasiebestuursforum (PBF), boer hoofsaaklik met Merino-skape op die plaas, Perdegrasvlei, en op huurgrond naby Fraserburg. Om probleemdiere uit te roei, sê hy, is 'n onbegonne taak waarmee boere jare al besig is en min gevorder het.

Trouens, in verskeie dele van die Karoo het spesies asook probleemdiergetalle toegeneem en die skade wat hulle aanrig beloop miljarde rand. Die nuutste toetreders tot dié probleem is vlakvarke, kraaie en koedoes, diere wat tevore baie min of glad nie daar voorgekom het nie.

## Die vlakvarkprobleem

Produsente in die omgewing van Colesberg sê dat vlakvarke lammers vang en groot skape soms so erg beseer, dat hulle van kant gemaak moet word. In 2021 is berig dat vlakvarke lammers en skape in die Suid-Vrystaat gevang en gevreet het. Volgens dié boere was die skape nie bang vir die varke nie en hulle kon dus in die trop inloop.



*Theroux Kemp.*

Kemp sê in hierdie dele van die Karoo het geen of baie min vlakvarke voorgekom. Hulle is hoofsaaklik plantvreters wat uitstekend by die beskikbaarheid van kos kan aanpas. Dit is bekend dat hulle by tye aas vreet, maar dit is selde dat hulle prooi vang. In die jongste tyd kom hulle al hoe wyer en in groter getalle voor.

Vlakvarke verniel ook infrastruktuur. Hulle beskadig heinings en grawe gate onderdeur jakkalswerende heinings. Die gevolg is makliker toegang vir jakkalse en rooikatte na lamkampe.

## Koste van heinings

Jakkalswerende heinings is toentertyd met regeringshulp gespan. Om vandag 'n heining met nuwe sifdraad te span, is nie ekonomies haalbaar nie en kleinveeprodusente kan teen huidige produkpryse slegs die heinings in stand hou – nie vervang nie.

Intussen, sê hy, berig boere dat kraaie in sekere gebiede, veral naby spoorlyne soos by De Aar, 'n nuwe bedreiging vir kleinvee inhou. Letterlik duisende van die voëls slaap langs die spoorlyne waar hulle waarskynlik soggens na aas langs die spore soek. Van die kraaie begin nou lammertjies se oë uitpik, maak hulle uiteindelik dood en vreet dan aan die karkas.

Daar is ook berigte dat die kraaie ooie aanval terwyl hulle lam en die lam vreet. In die proses word ooie ook beseer, soms so erg dat hulle van kant gemaak moet word.



*Koedoes raak nou 'n gevaar vir motoriste op paaie en gebiede waar die diere nie voorheen voorgekom het nie.*

Selfs groot skape se oë word deur die voëls beskadig.

## 'n Groeiende koedoeprobleem

Koedoes is ook 'n nuwe uitdaging. Hulle het selde of ooit in die omgewing van Fraserburg, Loxton, Carnarvon en aangrensende gebiede voorgekom. Getalle het nou so toegeneem, dat dit vir motoriste gevaarlik raak om teen skemeraand en later op die paaie te ry.

Die langdurige droogte het waarskynlik tot die ontstaan van die probleem bygedra. Verskeie produsente het lusernlande waar hulle voer kweek in tye van nood en die koedoes sak op hierdie lande toe. Boere is nie finansieel in staat om dié lande wildwerend toe te span nie.



*Jakkalse en rooikatte bly kleinveeboere se grootste kopseer. Gesamentlike en gekoördineerde optrede is nodig om beter beheer uit te oefen.*

'n Bydraende faktore wat die uitdaging van probleemdiere vererger, is dat die Beaufort-Wes-, Fraserburg- en Merweville-gebiede aan die Karoo Nasionale Park grens. Die park se heinings word nie altyd deeglik in stand gehou nie en voldoen dikwels nie aan die standaard om diere binne te hou nie. Die bekende leeu, Sylvester, het uit dié park ontsnap en vir dae lank in hierdie omgewings rondgeloop.

Die ontwikkeling van die Square Kilometer Array (SKA)-projek, 'n internasionale projek om die grootste radioteleskoop in die wêreld tussen Carnarvon en Vanwyksvlei te vestig, het daartoe gelei dat verskeie plase gekoop is wat nou nie meer bewoon of bewerk word nie.



*Vlakvarke, wat hoofsaaklik plantvreters is maar hul dieet ook maklik by toestande kan aanpas, vang nou lammers in die Karoo.*

Van hierdie plase het nou ontwikkel in teelkolonies vir probleemdiere.

## Die grootste kopseer

Jakkalse en rooikatte bly egter die kleiveeboere van die Karoo se grootste kopseer. Ondanks die feit dat boere baie moeite doen en verskillende tegnieke gebruik om dié ongedIertes te beheer, is daar min vordering en neem die getalle van jakkalse en rooikatte toe.

Die mees algemene beheerstrategieë is om jakkalse en rooikatte met hokke en vangysters te vang, die diere in die nag met klanknabootsers te lok en te skiet, hulle bedags met helikopters te jag en opgeleide voetjagters te gebruik. Dieselfde metode is nie noodwendig op verskillende plase ewe suksesvol nie en in die meeste gevalle werk net een metode nie goed genoeg nie.

Sommige plase is glad nie jakkalswerend omhein nie, wat dit baie moeilik maak om die probleemdiere daar te beheer. Wat die boer ook al doen, verg baie tyd, energie en harde werk, maar die probleem word nie opgelos nie. Dit kan mens maklik moedeloos maak. Kemp sê samewerking en die gekoördineerde gebruik van die verskillende beheermetodes is noodsaaklik om hond haaraf te maak teen die probleemdiere.

## Boere span saam

In die omgewing van Fraserburg het die Oukloof-boeregroep saamgespan en doen heelwat moeite om die gebied se ongediertes suksesvol te beheer. Die groep ontplooi saam nag- of beroepsjagters sodat ongediertebeheer gelyktydig op al die plase gedoen word. Dit verhoed dat die ongediertes op 'n ander plaas gaan skuil en die volgende dag weer begin vang onder die skape. Dit gebeur ook soms dat jakkalse op een plaas bly, maar op ander plase gaan skade aanrig.

Kemp sê veeverskaffers neem volhoubare predasiebestuur ernstig op. Die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV), Rooivleisprodusente-organisasie (RPO), SA Bokhaarkwekersvereniging (Samga) en Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA) het die Predasiebestuursforum in Junie 2009 gestig, omdat die uitdaging van probleemdiere oor plaas en provinsiale grense strek. Beheer moet gekoördineer word en binne die beginsels van die landswette, op grond van wetenskapliks-getoetste metodes, geskied.

Niel Viljoen, 'n probleemdierspesialis, het al baie navorsing oor probleemdiere in die Noord-Kaap en ander provinsies gedoen. Hierdie kennis gebruik hy nou om, in samewerking met die NWKV en RPO, opleidingskursusse in die Noord-Kaap aan te bied sodat veral voetjagters groter welslae kan behaal.

## Ken diere se gewoontes

Die kennis wat dié jagters en plaaswerkers tydens die kursusse opdoen, kan groot waarde vir die veeprodusent inhou. Trouens, Kemp glo dat boere baie kan leer deur self sulke kursusse by te woon, en diere se gewoontes en maniere te leer ken.

Om jakkalse en rooikatte te jag behels nie om by 'n winkel in te stap, 'n geweer, ammunisie en roep-apparaat te koop, en dan snags die veld in te vaar nie. Jy gaan nie hond haaraf maak teen dié diere nie en dalk meer skade aanrig as goed doen. Met die probleem wat jaarliks groei, skep dit 'n geleentheid vir jong jagters om opleiding te ontvang en 'n beroep daarvan te maak.

Kemp sê wat nodig is, is dat die regering, georganiseerde landbou en produsente-organisasies nouer saamwerk om probleme wat voorkom op vlakke buite die produsent se beheer, uit te stryk. Op plaasvlak sal produsente hande moet vat en gepaste beheermetodes op 'n gekoördineerde manier inspan om die uitdaging suksesvol die hoof te bied. VP

Vir meer inligting, kontak Theroux Kemp by 079 566 5653 of epos perdegrasvlei@gmail.com.